Be a smartie

Smarties is seker een van die lekkerste lekkergoed in die wêreld. Hande vol kan jy sommer so in jou mond prop....totdat die boksie leeg is.
Almal het 'n gunsteling kleur. Ek wonder wat is joune?
Dink nou net: wat as smarties almal net een kleur was? Dit sou baie vervelig gewees het. Dink ook aan 'n reënboog. 'n Blou reënboog sou ons seker nie eens raakgesien het nie!! Dit is die verskillende kleure wat almal opgewonde maak!!!!!

Ek is so "smart" Ek dink ek is beter as jy!

"Smart"



Ek is slim. Ek ken die antwoord op die moeilike vraag

Daar was een man in die Bybel wat verseker rede gehad het om te kon dink hy is die "smartste" smartie in die boksie:

Hy vir 3 jaar saam met Jesus gewandel

- Hy was een van Jesus se spesiale vriende en het op water geloop.
- Jesus het hom Rots genoem en 'n belangrike opdra gegee om die kerk te vestig.
- Hy was een van die 3 dissipels wat Jesus saamgeneem het om te gaan bid op die berg van verheerliking.
- Hy gee die eerste preek vir 3000 mense na die uitstorting van die Heilige Gees.
- Hy word die leier van die eerste gemeente in Jerusalem

Ek wonder of jy kan raai wie dit was? Natuurlik Petrus.
Petrus was 'n Jood en die Jode het gedink hulle is beter as ander mense. Die Joodse volk weet al lankal wie die ware God is. Hulle het spesiale reëls en kos reëls, soos wat hulle mag eet, by God gekry. Die Joodse mans het ook 'n spesiale teken, 'n sny-merkie wat hulle besnydenis noem, by God gekry. Hulle het gedink hulle is te goed om met Grieke en ander mense te kuier en saam te eet.

Die Jode wat Jesus volg het gedink hulle is beter as die Grieke en die Romeinse wat Jesus volg.

Dit was 'n baie, baie groot probleem, want Jesus het die opdrag gegee dat Die Goeie Nuus van Sy se verlossing aan die kruis aan al die nasies verkondig moet word. Petrus en sy vriende is almal Jode en volgens hulle reëls mag hulle en wil hulle nie met ander nasies meng nie. Hoe gaan die Evangelie versprei word as al Jesus se vriende so dink en optree?
Die Goeie Nuus gaan stop by die Jode!

Kom ons lees in Handelinge 10 hoe God 'n plan maak om Sy plan te laat voortgaan. Jy kan ook na die video kyk:
https://www.youtube.com/watch?v=8w5XwFQAWMk

In die verhaal sien ons 2 mense wat albei lief was vir God. Petrus, 'n Joodse visserman en Kornelius, 'n Kaptein in die Italiaanse regiment. Hulle albei het 'n behoefte om met God te praat, Hom beter te leer ken EN God praat met hulle albei.

Petrus was so vas aan wat hy geglo het, dat God vir Petrus die visioen 3 keer moes wys en ook aan aan Petrus moes verduidelik hoe Hy mense sien. Uiteindelik "klik" Petrus....

"Ek verstaan nou waarlik dat God nie dink een persoon is belangriker as 'n ander persoon nie." Handelinge 10:34

As God so oor mense dink, dink jy nie ons moet ook so oor mense dink nie? Almal weet dat smarties dieselfde aan die binnekant lyk. Maar.... Dit is juis die mengelmoes van verskillende kleure wat ons so opgewonde oor smarties maak.

Petrus het 'n "smart" Smartie geword.

Be a smart Smartie en begin ook om Jesus se Goeie Nuus die Evangelie van verlossing met ander te deel.

Is jy 'n "smart Smartie? Kan jy raai wie die kinders in die Bybel is?

1. Ek was die oudste kind in my familie.
2. Ek was van my ouers geskei tydens 'n reis na Jerusalem. Ek was toe 12 jaar oud.
3. Ek het in die familiebesigheid gewerk.
4. Die persoon wat ek pa genoem het, was nie my regte pa nie.

Moses

1. Ek het 11 broers en 1 suster gehad.
2. Ek het 2 drome gehad waarin ek gesien het hoe my ouers en my broers voor my buig.
3. Ek was 'n x-slaaf, x-krimineel en 'n buitelander wat 'n hoë posisie van mag in Egipte gehad het.
4. Ek was my pa se gunsteling seun, en hy het vir my 'n baie mooi jas laat maak.

Abel

1. My pa het sy slaaf na 'n ander land gestuur om vir my 'n vrou te soek.
2. My ma moet in die Guinness Book of World Record wees vir die oudste vrou wat nog ooit 'n kind gehad het.
3. Ek het my pa gehoorsaam, selfs toe hy my op die altaar sit om my vir God te offer.
4. My ma het gelag toe die engel vir my pa sê dat sy 'n kind gaan hê.

Dawid

1. My ouers is dood toe ek baie jonk was, en my oom het my grootgemaak
2. Saam het ek en my oom 'n bose komplot verhoed wat ons volk, die Jode sou uitwis.
3. My oom het 'n komplot verhoed waarin die koning doodgemaak sou word.
4. Ek het 'n skoonheids kompetisie gewen wat deur die Koning gehou is, en so het ek sy Koningin geword.

Isak

1. Ek het 'n tweeling broer gehad.
2. My broer was 'n jagter, maar ek het daarvan gehou om naby die huis te bly.
3. Ek het my vader bedrieg, sodat hy my die seëninge van die eersgeborene gegee het, i.p.v. die van die tweede.
4. My broer het sy eersgebore reg aan my gegee in ruil vir 'n pot lensiesop

Jesus

1. Ek was die jongste kind in my gesin.
2. Ek het al 'n beer en 'n leeu doodgeslaan.
3. Ek was 'n skaapwagter, digter, harpspeler en die tweede koning van Israel gewees.
4. Ek het op 'n vrou verlief geraak terwyl sy gebad het, en haar man laat doodmaak in die oorlog omdat sy swanger met my kind was.

Salomo

1. 'n Engel het vir my ma gesê dat sy my gaan hê, en het dit toe ook vir my pa kom vertel.
2. Die engel het vir my ouers vertel dat ek 'n Nasireër gaan wees. Dit beteken dat ek nooit sterk drank mag drink nie, nooit my hare mag knip nie, en nie aan 'n lyk mag vat nie.
3. My pa het probeer om vir my 'n vrou te kry, maar sy is aan iemand anders gegee.
4. Nadat ek die geheim van my krag weggegee het, is my oë uitgesteek .

Ester

1. Ek en my vriende is weggevoer na koning Nebukadneser se paleis.
2. Ek het geweier om die koning se kos te eet.
3. Ek het drome vir die koning uitgelê.
4. Ek het gebid tot God en is in 'n leeukuil gegooi, maar God het die leeus se bekke gesluit sodat ek niks oorgekom het nie.

Simson

1. My oudste broer is sewe dae na sy geboorte oorlede
2. My pa was Israel se 2de Koning, en ek die 3de Koning.
3. My pa het meeste van die boeke van Psalms geskryf. Ek het meeste van die boek Spreuke geskryf en die boek Hooglied wat my naam dra,
4. Ek het skielik baie wys geword

Jakob

1. Ek was een van twee broers gewees.
2. Ek was 'n veeboer gewees.
3. My broer was baie jaloers op my gewees.
4. Ek was die eerste mens in die Bybel wat vermoor is.

Josef

1. Toe ek gebore is, was daar alreeds 'n doodsvonnis oor my lewe.
2. Ek was die jongste kaptein wat in 'n voorwerp op die Nyl gevaar het
3. My ma het my vir 3 maande na my geboorte weggesteek.
4. Ek kon net vir 'n paar jaar by my ouers bly, voordat ek in die Farao se paleis moes gaan bly het.

Daniel